

Die grootheid van die Seun van God

Heb 1:2b-3

23 Januarie 2022

1. Heb 1:1-2a – God het op twee maniere gepraat: in die verlede deur die profete, en in die laaste dae deur die Seun. God het op baie maniere deur die profete gepraat
2. Heb 1:2b-3 – Sewe maniere waarop God in die laaste dae deur die Seun gepraat het waaruit die Seun se verheewendheid duidelik word:
 - a. Die Seun is erfgenaam van alles
 - i. Vader het Hom aangestel voor skepping (Ps 2:7-8, 1 Pet 1:20-21)
 - b. God het die wêreld deur die Seun geskep (vgl Joh 1:1-3, Kol 1:16)
 - i. Die Vader het skepping geïnisieer, en dit uitgevoer deur die Seun
 - c. Uit die Seun straal die heerlikheid van God
 - i. Seun straal die heerlikheid uit (NAV); is afskynsel van die heerlikheid (OAV)
 - ii. Soos sonstrale die son bekend maak, straal die Seun die heerlikheid van God uit (Joh 10:30, 1:1-2, 8:42, 1:18, 1:9)
 - iii. Die Seun is die Verbondsengel (Mal 3:1) wat die Vader en die Nuwe Verbond bekend maak
 - d. Die Seun is die ewebeeld van die wese van God
 - i. Ewebeeld (NAV) = afdruk (OAV) = stempel
 - ii. Geen mens kan God sien nie (1 Tim 6:16), Seun is egter die beeld van God (Kol 1:15) in wie God se wese beliggaam is (Kol 2:9)
 - iii. Is dit werklik waar?
 - God is ewig vs die Seun sterf – ja, maar daarna leef Hy ewig, wys hoe lief God die wêreld het
 - God is volmaak vergenoegd vs die Seun was honger/dors – ja, maar Hy voed 5000, voorsien in behoeftes van mense
 - God is Here van alles vs die Seun is skaap ter slagting – ja, maar selfs ongelowiges moes erken wie Hy werklik is (Joh 18:6, Mark 15:39), terselfdertyd red Hy 'n veroordeelde
 - e. Die Seun hou alle dinge in stand (vgl Kol 1:17)
 - i. Die Vader hou alles in stand deur die Seun (Mat 10:29)
 - ii. Volgens God se raadsbesluit op koers na God se doel (Ef 1:11, Op 10:7)
 - f. Die Seun bewerkstellig reiniging van sondes
 - i. Gelowiges word deur Sy bloed van sondes gereinig (1 Joh 1:7, 2 Kor 5:21)
 - g. Die Seun het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel (Fil 2:9)
 - i. Majesteit = Vader; Regterhand = posisie van mag
 - ii. Sit: Simbool van waardigheid van die Seun, Sy offer is deur Vader aanvaar, Sy eenmalige offer was volmaak (Heb 10:11-12)
3. Opsommend:
 - i. Seun is verheewe bo die skepping, het unieke verhouding met God, vervul essensiële rol vir gelowiges
 - ii. Seun is Profeet (uitstraling, afdruk), Koning (Skepper, Onderhouer, Erfgenaam), Hoëpriester (reiniging, sit aan regterhand)
4. Implikasies
 - i. Rig gedagtes op hierdie dinge (Kol 3:1-2) – en aanbid God dan
 - ii. Bring sekuriteit selfs in hierdie lewe (Rom 8:33-39)